NASIONALE SENIOR SERTIFIKAAT-EKSAMEN
MEI 2023

VISUELE KULTUURSTUDIES: VRAESTEL I

NASIENRIGLYNE

Tyd: 3 uur 100 Punte

Hierdie nasienriglyne word voorberei vir gebruik deur eksaminatore en hulpeksaminatore. Daar word van alle nasieners vereis om 'n standaardiserings-vergadering by te woon om te verseker dat die nasienriglyne konsekwent vertolk en toegepas word tydens die nasien van kandidate se skrifte.

Die IEB sal geen gesprek aanknoop of korrespondensie voer oor enige nasienriglyne nie. Daar word toegegee dat verskillende menings rondom sake van beklemtoning van detail in sodanige riglyne mag voorkom. Dit is ook voor die hand liggend dat, sonder die voordeel van bywoning van 'n standaardiseringsvergadering, daar verskillende vertolkings mag wees van die toepassing van die nasienriglyne.

IEB Copyright © 2023

VRAAG 1 VISUELE GELETTERDHEID

1.1 Bloom se taksonomie Vlak 3: Pas toe, implementeer – 3 punte

- ✓ Albei kunstenaars het baie besige patrone gebruik om tekstuur te skep.
- ✓ Beeld A bestaan uit allerhande verskillende patrone in 'n collage wat die figure in die middel skep. Dit staan uit teen die minder besige agtergrond.
- ✓ Beeld B – die kunstenaars het baie strepe en patrone op die klere van die meisies gebruik. Dit is ook baie besig en skep 'n tipe visuele tekstuur in teenstelling met die plat agtergrond.
- ✓ Enige gepaste antwoord.

1.2 Bloom se taksonomie Vlak 6: Veronderstelling, skep – 3 punte

- ✓ Albei werke het 'n duidelike konsep en hulle is nie net vir hul estetiese of funksionele waarde gemaak nie.
- ✓ Selfs al het die kunstenaars baie met tekstiele gewerk, het die kunstenaars hierdie medium omskep, aangesien hulle dit simbolies en konseptueel gebruik het.
- ✓ Nie een van hierdie kunswerke is bedoel om "gebruik" te word nie; hulle is albei bedoel om deur 'n gehoor as kunswerke besigtig te word.
- ✓ Enige gepaste antwoord.

1.3 Bloom se taksonomie Vlak 3: Voer uit, los op. 2 punte per bespreking van elke kunswerk – 4 punte in totaal

- ✓ Beeld A – die fokuspunt is die jong man in die middel van die kunswerk.
- ✓ Sy arms is uitgestrek, terwyl almal anders se hand langs hul sye is.
- ✓ Hy staan ook vorentoe en voor die ander.
- ✓ Beeld B – die fokuspunt is die twee meisies se sepiagesigte.
- ✓ Die sepiaskakering vorm 'n kontras met die oranje agtergrond.
- ✓ Die strepe van die klere lei die kyker se oog na die gesigte.
- ✓ Enige gepaste antwoord.

1.4 Bloom se taksonomie Vlak 5: Redeneer, beoordeel – 2 punte

- ✓ Hierdie kunswerk toon hedendaagse onderwerpe in 'n soortgelyke posering as dié van prekoloniale portretwerk, maar hulle dra meer tradisionele klere en die kunswerke is baie kleurvol.
- ✓ Die swart en wit/sepiagesigte herinner aan die koloniale verlede en die foto's wat in daardie era geneem is.
- ✓ Enige gepaste antwoord.

1.5 Bloom se taksonomie Vlak 4: Ontleed, onderskei, ondersoek – 3 punte

- ✓ Albei kunswerke gebruik tekstiele wat sinoniem met die idee van die huishoudelike rol is wat vroue in die samelewing vervul, as 'n medium.
- ✓ Albei kunswerke is deur vroue geskep en hulle albei beeld kinders/ jongmense uit.
- ✓ In sy wese gaan feminisme oor keuse en strewe na gelykheid en antidiskriminasie. Albei hierdie kunstenaars laat onderwerpe wat al vergeet is of wat meer tradisionele kunstenaars nie as waardig genoeg geag het om uit te beeld nie sigbaar word.
- ✓ Enige gepaste antwoord.

IEB Copyright © 2023

VRAAG 2 TWINTIGSTE-EEUSE KUNS VAN DADA TOT EN MET, MAAR UITGESLUIT, DIE KONSEPTUELE KUNS VAN DIE 1970's

Riglyne wat in verlede jaar se nasiensessie vir hierdie vraag geïmplementeer is.

- *Volpunte kan nie toegeken word as die vraag verkeerd genommer is nie. Indien 'n kandidaat die antwoorde verkeerd nommer, word een punt vir die hele Vraag 2 verloor.*
- *Punte kan nie toegeken word nie indien verkeerde/irrelevante voorbeelde van die kunstenaar en titels van kunswerke genoem/bespreek is. In sulke gevalle kan punte toegeken word vir die argument wat met die vraag verband hou.*
- *Punte kan slegs toegeken word vir die korrekte titels van kunswerke wat ook 'n bondige beskrywing van die kunswerk insluit.*

2.1 **Bloom se taksonomie Vlak 5: Resenseer, beoordeel – 3 punte**
Kandidaat moet sy/haar mening volledig motiveer rakende of die kunswerke die bedrae wat daarvoor betaal is regverdig.

- ✓ Hierdie kunswerke is na my mening baie waardevol en die geld werd vanweë die volgende redes:
- ✓ Die waarde van hierdie kunswerke het ná die kunstenaars se dood aansienlik toegeneem omdat die stukke eksklusiewer en belangriker geword het. Albei die afgestorwe kunstenaars het "beroemde status" en is wêreldbekend.
- ✓ Die meeste van die beroemde kuns deur befaamde kunstenaars word in museums bewaar. Bewaring in 'n galery of museum verhoog die status van die kunswerk en daarom sy finansiële waarde.
- ✓ Kuns word as 'n belegging beskou en ryk mense gebruik dit dikwels om selfsugtige redes en nie vir die beoogde doel nie. Byvoorbeeld, die elite en rykes gebruik kuns om belasting te vermy en hul posisie in die sosiale hiërargie 'n hupstoot te gee.
- ✓ Persoonlik sal ek nie soveel geld vir hierdie kunswerke betaal nie, al het ek die middele gehad, maar of ek van die kunswerke hou, is onbelangrik. Hulle is steeds ongetwyfeld 'n waardevolle belegging.

2.2 **Bloom se taksonomie Vlak 4: Lê verbande, vergelyk – 2 punte per bespreking van die kunswerk, 1 punt vir elke titel plus 'n kort beskrywing en 1 punt vir elke kunstenaar – 4 punte in totaal**

Voorbeeld: *The Fountain* is 'n pasklaar beeldhouwerk deur Marcel Duchamp in 1917, wat uit 'n urinaal van porselein bestaan, geteken "R. Mutt". Die urinaal is onderstebo geplaas.

IEB Copyright © 2023

2.3 **Bloom se taksonomie Vlak 4: Ontleed, onderskei, ondersoek – 2 punte per bespreking van die kunswerk. Bloom se taksonomie Vlak 5: Verdedig, redeneer – 2 punte per bespreking van die kunswerk – 8 punte in totaal**

- ✓ *The Fountain* is van onskatbare waarde omdat kunshistorici en -teoretici die werk van die avant-garde as 'n groot baken in 20-eeuse kuns beskou.
- ✓ Duchamp het in die 1950's en 1960's opdrag vir 16 replikas gekry en dit is na sy goedkeuring gemaak.
- ✓ In die vroeë twintigste eeu het Marcel Duchamp die weg vir die Dada-beweging gebaan, wat kreatiewe aannames oor kuns herbedink/ heroorweeg het. Duchamp het eerder beweer dat wanneer 'n kunswerk gekies word 'n gewone voorwerp tot die vlak van kuns verhoog word. *The Fountain* is die toppunt van hierdie ontwikkeling.
- ✓ *The Fountain* dwing kykers om te oorweeg wat kuns is. Dit was 'n baie eenvoudige gebaar, maar een wat diepgaande gevolge vir die kunswêreld gehad het en 'n aantal interessante vrae oor die aard van kuns geopper het en steeds vandag opper.
- ✓ Duchamp is beroemd in die kunswêreld, aangesien hy die vader van konseptuele kuns is en hy toekomstige kunsbewegings na Dada beïnvloed het.
- ✓ Sy dood maak hierdie werk en enige ander van sy werke histories en finansieel baie werd.
- ✓ Enige gepaste antwoord.

IEB Copyright © 2023

VRAAG 3 KONSEPTUELE EN KONTEMPORÊRE INTERNASIONALE KUNS

Riglyne wat in verlede jaar se nasiensessie vir hierdie vraag geïmplementeer is.

- *Volpunte kan nie toegeken word as die vraag verkeerd genommer is nie. Indien 'n kandidaat die antwoorde verkeerd nommer, word een punt vir die hele Vraag 3 verloor.*
- *Punte kan nie toegeken word nie indien verkeerde/irrelevante voorbeelde van die kunstenaar en titels van kunswerke genoem/bespreek is. In sulke gevalle kan punt toegeken word vir die argument wat met die vraag verband hou.*
- *Punte kan slegs toegeken word vir die korrekte titels van kunswerke wat ook 'n duidelike en bondige beskrywing van die kunswerk insluit.*
- *Indien 'n kandidaat oor 'n Suid-Afrikaanse kontemporêre voorbeeld in hierdie vraag skryf en punte is vir die argument met betrekking tot die vraag toegeken, maak asseblief seker dat die kandidaat nie oor dieselfde kunstenaar/voorbeeld in Vraag 5 geskryf het nie.*

3.1 **Bloom se taksonomie Vlak 4: Ontleed, onderskei, ondersoek – 2 punte**

- ✓ Ping beeld 'n enorme slang uit. Slange is nie gewoonlik so groot nie, dus kan die grootte van hierdie werk as innoverend beskou word, aangesien dit grense verskuif van wat mense dink die verwagte skaal van 'n slang is.
- ✓ Mense is oor die algemeen bang vir slange en sal daarom redelik geskok wees om hierdie werk te sien.
- ✓ Mense sal dit buite die konteks van 'n galery sien omdat dit 'n terreinspesifieke kunswerk is. Mense sal geskok wees om iets redelik vreesaanjaend in die buitelug en in die veranderende konteks van die oseaan te sien.
- ✓ Enige gepaste antwoord.

3.2 **Bloom se taksonomie Vlak 4: Ontleed, onderskei, ondersoek – 2 punte**

- ✓ Ping is 'n konseptuele kunstenaar, aangesien sy werk in sommige opsigte soortgelyk is aan Smithson se *Spiral Jetty*.
- ✓ Hy daag mense uit om hul persepsie van die natuurlike wêreld om hulle te verander. Wat is waar en wat is onwaar? Kan die slang se skelet byvoorbeeld van 'n eens lewendige dier afkomstig wees of is dit "mensgemaak"?
- ✓ Die werk het dus konseptuele waarde en ongeag hoe dit gemaak is, behoort die idee aan en het die by die kunstenaar ontstaan. Daarom is dit konseptuele kuns.
- ✓ Enige gepaste antwoord.

3.3 **Bloom se taksonomie Vlak 3: Pas toe, implementeer – 2 punte per bespreking van die kunswerk, 1 punt vir elke titel plus 'n kort beskrywing en 1 punt vir elke kunstenaar – 4 punte in totaal**

Byvoorbeeld: Vir haar eerste solouitstalling in New York sedert 1995, herinner Franse multimediakunstenaar, ORLAN, kykers aan waarvoor sy die bekendste is: Die ongewone plastiese sjirurgie wat haar gesig verander het deur onnatuurlike groeisels by haar slape te voeg. Die nege prosedures tussen 1990 en 1993 maak gesamentlik die stuk "The Reincarnation of Saint ORLAN" uit.

3.4 **Bloom se taksonomie Vlak 5. Evalueer, beoordeel – 3 punte per bespreking van kunswerk en Bloom se taksonomie Vlak 4. Ontleed, ondersoek, daag uit – 3 punte per bespreking – 12 punte in totaal**

- ✓ Ek is van mening dat ORLAN as Avant-Garde beskou moet word, aangesien sy haar werklike liggaam gebruik het om kuns te skep. Sy het wakker gebly terwyl sjirurge haar gesig oopgesny het en verander het hoe sy gelyk het. **(Vlak 5)**
- ✓ Ping en ander kunstenaars mag dalk innoverend wees ten opsigte van hoe hulle kuns geskep het, maar ORLAN moes as mal beskou gewees het om haar eie lyf te gebruik op die wyse waarop sy dit gedoen het. **(Vlak 5)**
- ✓ Nie net was sy wakker gedurende die prosedure nie, maar die "kunswerk" is ook verfilm en sodoende kon almal die pyn van die kunstenaar meemaak. **(Vlak 4)**
- ✓ Sy het haar eie gesig gebruik om elemente van Westerse samelewing se gewronge persepsie van skoonheid uit te beeld. **(Vlak 4)**
- ✓ Die resultate was pynlik, maar nog belangriker, permanent. **(Vlak 4)**
- ✓ "Die gesig wat jy het, is iets wat jy nie kies nie," het ORLAN verduidelik. "Ek wou Moeder Natuur aanval." Anders as die gewone motivering van plastiese sjirurgie, was hierdie operasies nie 'n poging om haar jonger of mooier te laat lyk nie. Moeg van hoe die samelewing se skoonheid-standaarde vroue inperk, wou ORLAN spesifiek haarself minder mooi laat lyk. **(Vlak 4)**
- ✓ As 'n kunstenaar staan ORLAN vir die anti-stereotipe. Haar uiterste avant-garde benadering tot die skep van kuns, het haar in die geskiedenisboeke geplaas as een van die skokkendste kunstenaars wat nog geleef het. **(Vlak 5)**
- ✓ Enige gepaste antwoord.

IEB Copyright © 2023

VRAAG 4 WEERSTANDSKUNS IN SUID-AFRIKA GEDURENDE DIE APARTHEIDSERA (Ongeveer 1950-1994 CE)

Riglyne wat in verlede jaar se nasiensessie vir hierdie vraag geïmplementeer is.

- *Volpunte kan nie toegeken word as die vraag verkeerd genommer is nie. Indien 'n kandidaat die antwoorde verkeerd nommer, word een punt vir die hele Vraag 4 verloor.*
- *Punte kan nie toegeken word nie indien verkeerde/irrelevant voorbeelde van die kunstenaar en titels van kunswerke genoem/bespreek is. In sulke gevalle kan punt toegeken word vir die argument wat met die vraag verband hou.*
- *Punte kan slegs toegeken word vir die korrekte titels van kunswerke wat ook 'n duidelike en bondige beskrywing van die kunswerk insluit.*
- *As die kandidaat die verkeerde voorbeeld bespreek, verloor hulle 'n punt vir die kunstenaar en 'n punt vir die titel van die werk. Hulle kan punte vir die argument kry indien dit van toepassing op die vraag is.*
- *Indien 'n kandidaat oor 'n Suid-Afrikaanse kontemporêre voorbeeld in hierdie vraag skryf en jy besluit om punte vir die argument toe te ken, kyk asseblief dat hy/sy nie oor dieselfde kunstenaar in Vraag 5 geskryf het nie.*
- *"Patience on a monument, a history painting" is die korrekte titel. Onvolledige weergawes van hierdie titel is nie verlede jaar aanvaar nie.*

4.1 **Bloom se taksonomie Vlak 3: Pas toe, interpreteer, los op – 'n maksimum van 2 punte vir die bespreking van die styl/onderwerp. Die kandidaat kan nie al drie die punte verdien nie as hy/sy net na een aspek verwys het nie.**

- ✓ Die ma en kind verteenwoordig die idee van een geslag wat 'n uitwerking op die volgende geslag het.
- ✓ In plaas van 'n mooi toneel het hy hulle ekspressionisties geteken en daarom lyk dit asof hulle pyn verduur en hartseer is.
- ✓ Dit toon sy eie gevoelens oor die onderdrukking wat hy as 'n swart man onder die apartheidsregering verduur het.
- ✓ Sy stilistiese kenmerke vat sy droefheid en pyn saam.
- ✓ Die simboliek agter die gebruik van die ma en kind verwys na sy vrees van wat sy naastes ervaar en die uitwerking wat dit op toekomstige geslagte sal hê.
- ✓ Enige gepaste antwoord.

4.2 **Bloom se taksonomie Vlak 3: Pas toe, los op – 2 punte per bespreking van kunswerk – 4 punte in totaal**

Voorbeeld: Helen Sebidi se *Tears of Africa* is 'n houtskool- en gemengdemedia-collage, dit is 'n beknopte, chaotiese diptiek wat verwronge en verwronge figure uitbeeld.

IEB Copyright © 2023

4.3 **Bloom se taksonomie Vlak 4: Ontleed, vergelyk, onderskei – 'n maksimum van 3 punte per bespreking van die kunswerk. Bloom se taksonomie Vlak 5: Evalueer, ondersteun – 'n maksimum van 2 punte per bespreking van elke kunswerk – 10 punte in totaal**

- ✓ In *Tears of Africa*, behandel Sebidi die historiese geheueverlies wat in baie gemeenskappe teenwoordig is rakende die nalatenskap van slawerny en kolonialisme.
- ✓ In 'n wêreld wat kollektiewe waansin in die gesig staar, van nasionalistiese en wit heerssugtige bewegings tot vlugtelingkrisisse, bly die werk 'n tydlose protes/verset.
- ✓ Die ekspressionistiese tekening verteenwoordig die segregasie van apartheid wat onrus, gebroke familiestrukture en verpletterde identiteite tot gevolg het.
- ✓ Haar werk is deur die tradisionele landelike lewe geïnspireer asook townshipwerklikhede gedurende die apartheidsera.
- ✓ Die stryd van swart vroue was op die voorgrond van haar kuns, wat veral gehandel het oor die mishandeling op veelvoudige samelewingsvlakke: hul eie huise waar hulle die rol moes vervul van huishoudster en broodwinner, asook die uitbuiting wat hulle in die huise van hul werknemers beleef het, waar baie werk as huishulpe wou hê.
- ✓ Enige gepaste antwoord.

4.4 **Bloom se taksonomie Vlak 3: Pas toe, artikuleer, implementeer – 2 punte**

- ✓ Enigeen wat as teen die Nasionale Party beskou is, sou diep in die moeilikheid gewees het.
- ✓ Selebi se uitgesprokenheid het aandag getrek van ongewenste owerhede en sy is dikwels deur die polisie getreiter bo en behalwe dat sy 'n paar keer gearresteer te gewees het.
- ✓ Gevolglik moes kunstenaars hul lyding en hul idees impliseer. Hulle moes simboliek en/of metafore gebruik om stellings te maak.
- ✓ Indien hulle betrap is dat hulle iets openlik sê en dit na hulle teruggevoer kan word, sou hulle gearresteer, gemartel, verban of selfs doodgemaak word.

IEB Copyright © 2023

VRAAG 5 KONTEMPORÊRE SUID-AFRIKAANSE KUNS (NA 1994)

Riglyne wat in verlede jaar se nasiensessie vir hierdie vraag geïmplementeer is.

- *Punte kan nie toegeken word indien verkeerde/irrelevante voorbeelde van die kunstenaar en titels van kunswerke genoem/bespreek is nie. In sulke gevalle kan punte toegeken word vir die argument wat met die vraag verband hou.*
- *Punte kan slegs toegeken word vir die korrekte titels van kunswerke wat ook 'n duidelike en bondige beskrywing van die kunswerk insluit.*
- *Indien 'n kandidaat oor 'n Suid-Afrikaanse weerstandskunstenaar of internasionale kontemporêre kunswerk in hierdie vraag skryf en jy sou besluit om punte vir die argument toe te ken, maak asb. seker dat hy/sy nie oor dieselfde kunstenaar(s) in Vraag 5 of Vraag 3 geskryf het nie.*
- *Ken asb. 'n punt vir die metode/medium toe.*
- *Indien 'n beskrywing uitgebreid is, met ander woorde dit oorskry drie reëls, kan jy punte vir toepaslike feite toeken.*

<u>Moontlike argumente:</u>
Nie alle kuns is bedoel om "openbare geskiedenis" te word nie.

Nie alle kunstenaars beoog dat hul kunswerke aspekte van openbare geskiedenis word nie. Sommige kunstenaars skep kuns vir heeltemal ander redes. Nie alle kunstenaars het die behoefte om te probeer om oomblikke vir toekomstige geslagte te bewaar nie.

Sleeping Nymph 2003 beeld 'n mosterdkleurige waterverfdame uit wat met toe oë agteroor op haar sy lê. (Beskrywing)

Sleeping Nymph is 'n voorbeeld van 'n kunswerk wat nie gemaak is met die oogmerk om deel van openbare geskiedenis vir toekomstige geslagte te wees nie. **<u>Marlene Dumas</u>** is veral bekend vir haar figure in waterverf- en olieverfkomposisies. Haar werke toon die aanhoudende onderdrukking van apartheid, kwellende beelde van segregasie en intense beelde wat met pornografie verbind word; tog verskyn haar portrette sonder konteks wanneer sy die episentrum van die sielkunde van haar onderwerp tref.

Die meeste van haar werke kan gekategoriseer word as "portrette", maar hulle is nie portrette in die gewone sin nie. Eerder as om 'n werklike persoon voor te stel, verteenwoordig hulle 'n emosie of 'n gemoedstoestand. Temas wat sentraal in Duma se werk staan, sluit in ras en seksualiteit, skuldgevoel en onskuld, geweld en teerheid. Duma se kunswerke is ekspressionisties en daarom lyk hulle realisties beskou nie soos werklike mense nie.

Dit is die gebrek aan konteks wat Duma se kunswerke van die openbare oog losmaak of eerder die publiek se begrip. Dumas werk hoofsaaklik van fotografie en beelde wat gevind is. Haar verwysings kom van 'n wye en komplekse net van geskiedenis, persoonlike geheue en gewilde kultuur. Sy het persoonlik beelde van haarself ingesluit, of van haar familie, anonieme modelle, prominente politieke figure en beelde wat van gedrukte media en advertensies geneem is om seksualiteit, identiteit en kunsgeskiedenis te verken. Hierdie mengelmoes van beelde maak dit vir die kyker moeilik om te bepaal waarvandaan die beelde kom en daarom is dit nie moontlik om hierdie werke as 'n tipe "dokumentasie" te beskou nie. Hulle kan verleidelik, emosioneel en innemend/boeiend wees, maar hulle het nie genoeg konteks om hulle openbare geskiedenis te maak nie.

IEB Copyright © 2023

Alle kuns is openbare geskiedenis

Daar kan geargumenteer word dat alle kunswerke wat gemaak word op sigself as 'n vorm van openbare geskiedenis beskou kan word en voltooide kunswerke is dus dokumente in eie reg. Daarom kan kunswerke dien as bewyse in die verwysing na aspekte van die menslike toestand. Beide wat die kunstenaar persoonlik ervaar sowel as wat hulle sien ander mense rondom hulle ervaar. Kunswerke bewaar 'n oomblik in tyd wat toekomstige geslagte onder die loep kan neem.

Kunstenaar **Mary Sibande**, wat betrokke is by die Suid-Afrikaanse geskiedenis, ondersoek idees oor ras, geslag en arbeid deur haar kunswerk. Deur beeldhouwerk en fotografie te gebruik, draai Sibande se kunspraktyk om haar alter ego, Sophie, wat 'n magdom personas aanneem.

Sophie is tipies 'n lewensgrootte veselglasfiguur wat Sibande geskep het deur afgietsels van haar eie gesig en liggaam te gebruik. Die kunstenaar trek Sophie in periodekostuums aan, wat begin het as 'n bediende se uniform en later ontwikkel het om swierige rokke in te sluit. *I came apart at the seams* by Somerset House, Londen, was haar eerste solo-uitstalling. Die kunstenaar het verduidelik dat sy 'n "Westerse naam" vir Sophie gekies het as 'n herinnering aan die geskiedenis in Suid-Afrika wat daartoe gelei het dat swart kinders Westerse name gehad het. As deel van hierdie uitstalling het Mary Sibande 'n reeks fotografiese en beeldhouwerke aangebied wat die krag van verbeelding en konstruktiewe woede in die vorming van identiteite en persoonlike narratiewe in 'n post-koloniale wêreld ondersoek.

I Came Apart at the Seams volg die transformatiewe reis van Sibande se avatar, Sophie. Deur hierdie werke bring Sibande hulde aan die geslagte vroue in haar familie wat as huiswerkers gewerk het. Deur hul voorheen onvertelde stories te deel, daag Sibande stereotipiese uitbeeldings van swart vroue in post-apartheid Suid-Afrika deur die geskiedenis en vandag uit. Kleur is 'n kragtige simbool in Mary Sibande se kunswerke. Deur die kleure blou, pers en rooi stel die kunstenaar Sophie voor as onderskeidelik 'n diensmeisie, 'n geheimsinnige en bemagtigde vrou en 'n kragtige priesteres.

Elke aspek van hierdie oeuvre is geskik vir die doel om die lot en stories van die Suid-Afrikaanse huishulp te dokumenteer. 'Sophie' is steeds algemeen in hedendaagse Suid-Afrika en dus is hierdie werke nie net dokumentasie van openbare geskiedenis uit die verlede nie, maar is dokumentasie van openbare geskiedenis ook vir toekomstige geslagte.

IEB Copyright © 2023

Punte-toekenning vir Vraag 5			**Simbool vir nasien**
Bloom se taksonomie Vlak 3 Pas toe, voer uit, implementeer, los op.	Drie kunstenaars	6 punte	A
Bloom se taksonomie Vlak 3 Pas toe, voer uit, implementeer, los op.	Drie titels met kort beskrywing van werke		W-hakie beskrywing en skryf BESK na hakies.
Bloom se taksonomie Vlak 4 Ontleed. Onderskei, ondersoek, lê verbande.	Toepaslike feite (Let asb. op: skryf ses feite om vier punte per bespreking van elke kunswerk te verdien.)	12 punte	F Dui asb. MAKS langs die sesde feit aan om kontroleurs se aandag daarop te vestig dat die kandidaat die maksimum punt behaal het.
Bloom se taksonomie Vlak 5-7 Evalueer. Beoordeel, redeneer, verdedig, bring bymekaar, konstrueer, veronderstel.	Ontwikkeling van argument ***Hierdie aspek van die opstel word nagesien met behulp van onderstaande rubriek.***	12 punte	OA Moet nie regmerkie maak vir ontwikkeling van die argument nie. Maar jy moet egter aandui presies waar jy die ontwikkeling van die argument sien.

IEB Copyright © 2023

OPSOMMING VAN PUNTETOEKENNING: ONTWIKKELING VAN ARGUMENT (Vlak 5-7)

- **DIE ARGUMENT MOET GEASSESSEER WORD DEUR DIT DEUR DIE HELE OPSTEL TE BEOORDEEL.**
- **DIE VLAK 5 BESKRYWER IS VIR DIE GEMIDDELDE LEERDER OF GEMIDDELDE OPSTEL.**
- **WANNEER 'n OPSTEL GEASSESSEER WORD, KIES BESKRYWERS WAT DIE OPSTEL DIE BESTE/VIR DIE GROOTSTE GEDEELTE BESKRYF.**
- **Simbool vir nasienprotokol: OA (Ontwikkeling van argument)**

VLAKKE	VAARDIGHEDE	PUNTE
7 +	**Die uitstekende antwoord:** • Inleiding is geleerd en toon 'n duidelik begrip van die onderwerp. • Die argument is volledig en gedetailleerd, lê ongewone verbande tussen meer as een punt van die argument oor die gekose kunswerke. • Dit is **goed gestruktureer,** behandel alle aspekte van die vraag en vat dit akkuraat en met insig saam. • Die kandidaat lê insigryke verbande tussen feite en die argument. • Die kandidaat belig al die kompleksiteite van die vraag deur op te weeg, te konstrueer, naas mekaar te stel, te veronderstel, ens.	**12–11** **(100–92%)**
7	**Die baie goeie antwoord:** • Inleiding toon insig en 'n duidelike begrip van die onderwerp. • Die kandidaat is in staat om na meer as een punt van die argument vir elk van die gekose kunswerke te verwys. • Die antwoord is goed gestruktureer en volledig, wat alle aspekte van die vraag behandel en hulle akkuraat saamvat. • Die kandidaat lê ingeligte verbande tussen feite en die argument. • Die kandidaat pak die kompleksiteite van die vraag aan, maar is nie heeltemal oortuigend nie.	**10** **(83%)**
6	**Die goeie antwoord:** • Inleiding toon 'n begrip van die onderwerp. • Die kandidaat opper geldige argumente, maak spesifieke verwysing na meer as punt van die argument vir elk van die gekoste kunswerke. • Die kandidaat lê duidelike verbande tussen feite en argumente in die hoofdeel van die opstel in die meeste gevalle. • Die argument is goed gestruktureer.	**9** **(75%)**
5	**Die gemiddelde antwoord:** • Volgens die inleiding toon die kandidaat 'n algemene begrip van die tema. • Die kandidaat stel die argument op 'n geldige, maar algemene wyse sonder om alle aspekte te behandel. • Inkonsekwente argumente/die argument word nie oor drie kunswerke gehandhaaf nie. • Interessante argumente is moontlik teenwoordig, maar dalk sonder stawende feite. • Die opstel hou verband met aspekte van die onderwerp, maar die argument is nie ontwikkel nie. • Daar is 'n goeie poging om die opstel te struktureer.	**8*** **(67%)**

IEB Copyright © 2023

4	**Die sukkelende antwoord:** • Toon 'n beperkte begrip van die vraag se onderwerp en reageer daarop op 'n eendimensionele manier in die inleiding. • Probeer om die argument oor te dra, maar op 'n vae manier sonder om alle aspekte te behandel. • Lê eenvoudige, onderontwikkelde verbande tussen feite en die argument. • Is deurmekaar, daar is dalk argumente, maar sonder stawende feite. • Toon 'n poging om die opstel te struktureer, maar nie heeltemal geslaagd nie.	**7–6** **(58–50%)**
3	**Die swak antwoord:** • Toon gebrekkige en baie onvolledige antwoorde op die onderwerp. • Inleiding is vaag en ongefokus of bestaan nie. • Die argument word net vir een kunswerk volgehou. • Bied 'n inleiding aan wat moontlik uit die gegewe teks herformuleer is. • Vaag met baie veralgemenings. • Moontlike deurmekaar argumente, maar sonder stawende feite. • Laat sleutelbegrippe uit of misverstaan sleutelbegrippe oor die inhoud wat belangrik is om die argument te bou/ontwikkel. • Geen struktuur om die argument te ondersteun nie.	**5–4** **(42–33%)**
2	**Die baie swak antwoord:** • Inleiding moontlik herformulering van die gegewe teks of ongefokus. • Is onakkuraat of simplisties. • Nie genoeg kunswerke bespreek om die argument te ontwikkel nie. • Geen poging tot 'n argument nie. • Argument hou nie met die onderwerp verband nie. • Geen struktuur om die argument te ondersteun nie.	**3–2** **(25–17%)**
1	**Die ontoereikende antwoord:** • Inleiding moontlik herformulering van die gegewe teks of bestaan nie. • Die kwessies word nie behandel nie weens 'n gebrek aan begrip. • Poging om aspekte van die vraag te behandel, maar toon slegs gedeeltelike begrip. • Nie genoeg kunswerke bespreek om 'n argument te ontwikkel nie. • Geen struktuur om die argument te ondersteun nie. • Geen argument nie.	**1–0** **(8–0%)**

Totaal: 100 punte

IEB Copyright © 2023